WAPADRANT
GEMEENTE

# KWARTKRANT

AUGUSTUS 2023

GROEI WAAR JY IS

## GEEN VERSKONING

Lees 2 Korintiërs 3:5

Verskonings is so oud soos die paradys self. Jy onthou mos Adam se woorde: "Dis Eva se skuld." Eva weer het gesê: "Dis die slang se skuld." En die slang het toe geen voet gehad om op te staan nie! Sedertdien neem mense moeilik die "krediet" as hulle die slag droogmaak. Dis altyd iemand anders se skuld. Die jongste verskoning is: "Ek het dit nie regtig so bedoel nie." Blykbaar dink mense hulle kan wegkom met enigiets as hulle net na die tyd erken hulle het nie eintlik bedoel om dit te doen nie. Miskien beteken eerlikheid, daardie soort wat die Here van my vra, dat ek regtig verantwoordelikheid aanvaar vir al my woorde en dade. Dis immers tog ek wat dit sê en doen. As ek verkeerd sê en doen, dan vra ek om verskoning. God is genadig genoeg om my te vergeef. Ongetwyfeld sal ander mense dit ook doen.




Daar's egter nog beter nuus: ek hoef ook nie meer heeltyd agter flou verskonings oor my struikelings weg te kruip nie, want ek kan mos nou doen wat God wil hê. Hy stel my in staat om dit te doen. Nee, ek kan dit nie uit my eie doen nie. Uit my eie krag is ek te swak om God tevrede te stel. Maar wanneer die Gees my bekwaam maak, dan kan ek God se wil doen. Dan kan ek Sy hart bly maak.

## GEBED

Dankie, Heer, dat my bekwaamheid in Uself setel. Amen.

*Stephan Joubert - eKerk*

# WAPADRANT STADBOUERS

Met die gemeente se veertigste verjaarsdag-fees, het ons ruim skenkings ontvang. 'n Gedeelte van die skenkings is oorhandig aan die Sunrise Traumasentrum. Collette Nienaber-Nel gee graag terugvoer:

"Ons het by die Trauma Sentrum alreeds 'n paar pakkies opgemaak met goedere vir kliënte. Hul wissel van mense wat finansieel sukkel, enkelouers, tot dames in gesinsgeweld. En selfs al sou hul dit miskien self kon bekostig, is dit soos 'n 'care package' ietsie wat wys dat iemand iewers regtig vir hul omgee, dat hul nie alleen is in hul slegte omstandighede nie. Ons opregte waardering, namens ons kliente ! Die Gemeente maak ons hande sterk, en ons prys ons God daarvoor"









# WAPADRANT STADBOUERS

Ook die Mamma-sakke is gepak en uitgedeel. Ons is so dankbaar om 'n verskil te maak in mense te lewens.













# WAPADRANT STADBOUERS

## Pampoen pitte en pryse

Saai botterskorsiepitte direk in die grond in die lente nadat die gevaar van ryp verby is. Plant sade 2,5cm diep en ongeveer 2 meter uitmekaar. Gee gereeld water sodat die sade klam is maar verhoed dat die grond nie te modderig word nie. Titan-botterskorsies rank baie en dra pampoene tussen 2 en 3 kg elk.



Die groenteprojekte vorder fluks. Koolkoppe is al besig om te vorm en eersdaags kan botterskorsiepitte geplant word..

## So by my kool!



Bly "kool"kop – dit lyk asof ons eers in die tweede helfte van September kan oes.

Danksy 'n skenking is 100 koolkoppe reeds uitgedeel. Van hierdie skenking het 'n groot gedeelte aan die Danville kos-projek gegaan.

Koolsaad is steeds beskikbaar. Kontak Ilda by die kerkkantoor om jou pakkie te kry.

Baie dankie aan elkeen wat 'n paar skoolsokkies geskenk het.

Ons het 'n verskil gemaak aan 80 voete!



# ATTESTATE UITGAANDE NA:

- GK Frankfort: Nicolaas Jacobus en Lorraine Muller (Kruger) en dooplidmate Lohan Papenfus en Cornelis Johannes Muller
- Lewende Woord Lydenburg: Pieter Daniël en Erica Kartzer (Northcote) en dooplidmate Pieter Daniël, Amoré en Lukas Cornelius Rudolf.
- HVK Wapadrant: Francois Alwyn en Sheree Snyman en dooplidmate Meagan en Cayden
- GK Hartbeespoort: Lourens Abraham Johannes en Cornelia Gertruida Magdalena du Plessis (Lubbe)
- Somerset Wes: Raymond Henrico en Lynette Johnson (Coetzer) en dooplidmate Amy en Quinn
- Johan en Petro de Klerk (Bester) en dooplidmate Hanro en Ruan
- Debbie Thedorellis (Dippenaar) en dooplidmate Calista en Ivanka
- Charlotte Catharina, Leonard Jacobus en Lourens Cilliers van der Merwe
- Bea-Nicola Beukes
- Oorsee: Annami Pretorius
- Oorsee: Wilhelmus Petrus en Magdaleen Grobler (Basson) en dooplidmate Wilhelmus Johan en Righardt Petrus Johannes
- NG Tygerpoort: Hendrika Johanna Schoen (Drenth)
- GK Waterkloofrand: Christine Coetzer
- Frederik Johannes Louw, Ruben Frederik en Suzette Alta Beeslaar (Kruger)
- Nederland: Tian en Nellie van Rooy (van Heerden)
- Nederland: Wilhelmus Johannes van Niekerk

# PRAGTIGE MOSAIEK

Familiewapens gedoen met mosaik. Wonderlike kersgeskenk of as 'n erfstuk vir jou nageslag.

Koste: R2500 (R1250 as deposito). Kontak **Annette** per WhatsApp by 0728784571.



## ATTESTATE INKOMEND VAN:

- GK Oos-Moot: Mieke Spoelstra
- NG Rietfontein-Suid: Elmone van Niekerk
- GK Rietvallei: Menno Pieter en Cora De Groot (Griffioen)
- NG Middelburg: Andries Coetzee en dooplidmaat Lentelie
- GK Krugersdorp: Mart Coetzee (Siertsema)
- NG Moreletapark: Hendrik Johannes Petrus en Helena Susanna de Beer (Henning)
- GK Rietvallei: Johanna Adriana Swanepoel (Buys)




expando

## Webinaar oor gesonde gemeentes

Die kerkgroei deputate nooi u hartlik uit na ŉ webinaar oor gesonde gemeentes. Daar sal ŉ aanbieding gegee word oor gesonde gemeentes begrond vanuit die Skrif, en daar sal ook ŉ oorsig gegee word van ŉ begeleidingsproses van 8 webinare wat voorgestel word vir 2024, waaraan u gemeente kan deelneem. Daar sal ook tyd gegee word vir besprekings en vrae.

Datum: Maandag 30 Oktober 2023
Tyd: 18:00-20:00
Bespreek by: gkexpando@gmail.com




---






# KAMEELDRIFT DAMESOGGEND



Een-en-twintig jaar!  Dit is hoe lank Susan Fourie van GK Kameeldrift en haar damesoggendkomitee aan dié stad bou – om vir die President Kruger Kinderhuise fondse in te samel. Met al minder geld van die staat en al hoër lewens- en opvoedings-koste maak elke rand 'n verskil! Die komitee moes regtig hierdie jaar uit die boks dink. Met die St Mary's DSG saal wat nie meer vir die geleentheid beskikbaar is nie, moes daar dringend vir 'n ander groot saal gesoek word. Jonibach Sport Sentrum is geïdentifiseer en met die hulp van Kameeldrift-manne is die 'rowwe' stoeisaal in 'n vrolike vroulike saal omskep, kompleet met gordyne vir die tydelike verhoog en 'n agtergrond van 1 075 balonne.

Die dames is met heerlike koffie, beskuit en musiek deur pianis Rosa Anderson en fluitspeler Christine Lourens begroet. Met die intrapslag in die saal, was dit duidelik dat enige idees van dieet en matigheid nie vir die oggend geld nie. Ons is oorweldig deur 'n see van kleurryke tafels en eetgoed wat met die fynste finesse deur 48 gasvrouens aan 586 dames voorgesit is – ons was waarlik bederf! 'n Groot dankie aan al die gasvrouens vir al hul voorbereidings, gasvryheid en skoonmaak na die tyd. Die gaste het ook die geleentheid gekry om op wonderlike wegbreek-geleenthede vir hul families te bie. Daar is 'n paar gesinne wat na 'n heerlike vakansie of naweek kan uitsien!




Anna Davel saam met Jaco-Nel Mouton en Louis Loock het gesorg dat ons siele met die allerbeste musiek gevoed word. Dit was heerlik om terug te sit en te beleef hoe die pragtige musiek oor ons spoel.... en toe neem die Fourie broers Reynold, Wilbrie en Bennie ons op 'n broer-toer en leer vir ons belangrike lewenslesse. Terwyl werk 'n belangrike deel van elkeen van ons lewens uitmaak, is dit amper belangriker om ook doelbewus te onspan en 'herinnering-klipstapels' langs ons lewensreis te bou saam met jou familie en vriende. Beplan vir uitdagings wat jou soms buite jou gemaksboksie dwing en dikwels tot groot pret kan lei – soos wat twee dames met langbroeke en muntstukke vir ons gewys het (die detail is egter nie vir gemeente nuus-briewe geskik nie!)  In 'n geforseerde diep oomblik het hulle kom deel hoe moeilik dit was om hul diepste gevoelens en vrese in die oë te kyk en op televisie te deel maar ook hoe waardevol dit vir hulle en die kykers was.

Hierdie heerlike geleentheid met die tema 'Buite die Boks' het 'n kwart miljoen rand binne die boks vir die President Kruger Kinderhuise opgelewer. Baie dankie vir elkeen se vrygewige bydrae.

Ronél Swanevelder

# FINANSIES

Januarie tot Julie 2023:




**Na die afgelope 7 maande in 2023, kan ons dit soos volg opsom:**

Op finansiële gebied beleef die gemeente nog steeds die seën en voorsienigheid van ons Hemelse Vader, want na 7 maande is daar tans 'n bedryfsurplus van R 781 233. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan:

- 'n Groei van 7.4% aan die inkomstekant, in vergelyking met dieselfde 7 maande-tydperk in 2022.
- Slegs 'n 3.2% verhoging aan die uitgawekant, in vergelyking met dieselfde 7 maande-tydperk in 2022.

Die huidige stand van die 4 aparte fondse wat ook deel hiervan uitmaak, kan soos volg uiteengesit word:

Barmhartigheid Bediening = Surplus van R 343 272

Uitreik Bediening = Surplus van R 41 389

Jeugbediening = Tekort van R 194 000 (Hierdie tekort word vanuit die Kerkkas gedra)

Kerkkas = Surplus van R 590 571

| Dankoffer inligting | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maand einde | Aantal potensiële *bydrae punte | Aantal punte wat geen beloofde bydrae gemaak het nie | Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie | Aantal punte wat agterstallig is | Getroue bydraers |
| Jan 2023 | *(1 098 )<br>**(1 619) | 473<br>43.08 | 159<br>14.48% | 14<br>1.28% | 452<br>41.16% |
| April 2023 | *(1 093 )<br>**(1 627) | 467<br>42,73% | 130<br>11,89% | 53<br>4,85% | 443<br>40,53% |
| Julie 2023 | *(1 071 )<br>**(1 632) | 504<br>47.06% | 16<br>1.49% | 102<br>9.52% | 449<br>41.93% |

# FINANSIES...

Hou asseblief in gedagte, vir hierdie gemeente om effektief te moet kan funksioneer, is daar heelwat finansiële verpligtinge wat nagekom moet word, wat meebring dat daar finansiële bydraes ontvang moet word, vanaf die lidmate, waaruit die bedryfsuitgawes dan gedek kan word. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankoffer bydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente, wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word.

Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes, (wat in kerkterme ook 'n Dankoffer genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak gebruik van die dankoffervorm)

MANIERE VAN AFDRA VAN DANKOFFER

· Direkte inbetaling op kerk se bankrekening / per internetbank of / per aftrekorder by jou eie bank.

Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)

· Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.

· Debietorder: Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html

· Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:

Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling

Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies.

SnapScan

Snap here to pay

SnapScan

My naam is Annette Hofmeyr en ek is 'n gekwalifiseerde ICU-Suster wat u bejaarde ouer/s of enige ander pasient tuis weekliks kan besoek om hul vitale tekens te monitor en algemene gesondheidswelstand te observeer. Ek werk onder die handelsnaam 'Grace in Care' (sien Facebook).
Vir meer besonderhede, skakel of stuur WhatsApp na 0728784571

Pharmacy at SPAR Wapadrand


## KONTAKBESONDERHEDE

087 702 6668
WAPADRANDPHY@GMAIL.COM
061 533 1791
878 WAPADRAND ROAD, WAPADRAND, PRETORIA


| | |
|---|---|
| Ma - Vry | 7vm - 7nm |
| Sat | 9vm - 5nm |
| So | 9vm - 3nm |



**VIRTUELE DOKTER**
**BESKIKBAAR IN WINKEL**
**R250**

## GRATIS AFLEWERING 25KM RADIUS

- **BEROEPSGESONDHEID**

***Promosiepakkette beskikbaar vir u besigheid:***

- Algemene fiksheidsertifisering
- Ondersoeke
- Lewenskragtigheidstoetse

- **PCDT-KONSULTASIE**
- **GRATIS KWOTASIE OP VOORSKRIFTE**
- **BABA-ENTSTOWWE EN INENTINGS**
- **BASIESE DIENSTE VIR BABAS**
- **DIEETKUNDIGE DIENSTE**
- **GEELKOORS-INENTINGS**
- **VERSKEIDENHEID GESKENKE BESKIKBAAR**

## *WAT IS 'N PCDT-KONSULTASIE?*

Primêre Sorggeneesmiddelterapie (PCDT) is een van die dienste wat 'n apteker kan bied na voltooiing van 'n aanvullende opleidingskursus en die verkryging van 'n Artikel 22A (15) permit ingevolge die Wet op Geneesmiddels en Verwante Stowwe.

Konsultasie met pasiënte, in 'n goedgekeurde primêre gesondheidsorgomgewing, wat die volgende insluit:

- Neem van omvattende pasiëntgeskiedenis
- Fisiese ondersoeke (uitgesluit interne en eksterne genitou-rinêre ondersoek)
- Evaluasie van gediagnoseerde en ongediagnoseerde toestande
- Besluitneming oor veilige en toepaslike terapie
- Voorskryf van medikasie vir die geïdentifiseerde toestand vir die doeleindes van PCDT, volgens die PHC STG- en EML-lys wat deur die Nasionale Departement van Gesondheid gepubliseer word
- Monitor van uitkoms van behandeling of terapie
- Verwysing na 'n alternatiewe gesondheidsorgverskaffer, waar nodig














SPAR
Winkel van die Jaar 2022
Wenner
WAPADRAND
KWIKSPAR
KWIKSPAR
STORE OF THE YEAR
AWARD
2022
Wapadrand
HERNUWING VAN MOTORVOERTUIGLISENSIES BINNE DIE WINKEL
Jy benodig:
• Ou Lisensieskyf
• ID of Bestuurderslisensiekaart van geregistreerde eienaar
renewonline
Vehicle Licence Disc Renewal
easy convenient and fast
Terms & Conditions apply
Addition Admin Fees Apply
Pharmacy at SPAR
Wapadrand
Ma - Vry 7vm - 7nm
Sat 9vm - 5nm
Son 9vm - 3nm
GRATIS AFLEWERING 25KM RADIUS
VIRTUELE DOKTER
GESONDHEIDSORG IN DIE DIGITALE ERA
R290
Die Virtuele Doktersdiens bied aan pasiënte die geleentheid om deur middel van gevorderde tegnologie met 'n dokter te skakel, wat kwaliteitsorg op 'n gerieflike manier verskaf
GRATIS AFLEWERING! 25km RADIUS
KONTAK INLIGTING
087 702 6668
WAPADRANDPHY@GMAIL.COM
061 533 1791
878 WAPADRAND STRAAT, WAPADRAND, PRETORIA
DIE BESTE! BILTONG
R219-99 p/kg
Koffiewinkel
bean tree
SPAR
5% pensionaris afslag - ELKE dag by Spar en Apteek (uitsl. voorskrifte)
PRETORIUM TRUST & KOOPKRAG KAARTE WORD AANVAAR

# VROUEDAG met vrolikheid gevier

Op 9 Augustus was ons kerksaal met 'n feesgewaad van gedekte tafels en 'n boog met liggies op die verhoog versier – ons het Vrouedag gevier!

Die tema van die geleentheid, naamlik "Hoe om vreugde, positiwiteit en dankbaarheid te behou", is treffend deur ons twee gassprekers uitgebrei.

Dr. Melodie de Jager, stigter van die Mind Moves Instituut en outeur van tien boeke oor beweging van die brein, het die waarde van vrouwees beklemtoon deur onder andere na die belangrikheid van ons hare, vel, naels en tande te verwys, het sy 'n boodskap van vreugde, positiwiteit en hoop gebring. Haar dinamiese optrede het ons soms 'n traan laat wegpink en dan weer laat skaterlag.







Christine Smith, gesondheidsterapeut en lewensafrigter, het veral die klem op 'n gesonde leefstyl geplaas en daarop gewys hoe belangrik dit is om op ons eie innerlike wêreld en ook om op die oënskynlik onbelangrike, kleiner dinge van die wêreld om ons te fokus.

Onder leiding van Riana Stapelberg, Helena Aucamp en Annemarie Schoeman is die gaste tydens 'n kort pouse met heerlike soetgoed, tee en koffie bederf. Aan die einde van die verrigtinge is 'n ligte ete keurig voorgesit. Dit was 'n geleentheid om mekaar beter te leer ken en om gemoedelik te gesels en te lag.
.
Ons kon met warmte in ons harte en met groot waardering vir die organiseerders se harde werk na ons huise terugkeer, ten spyte van die skraal windjie buite wat ons so vir oulaas aan die winter herinner het.

Wwesskamp



Gly ek of bly ek?

22-25 September
Bergventure (Sentrale Dragensberge)
R1200pp (Verblyf en etes ingesluit)

B²
BEST BUILD
Your obvious choice in construction

- NEW HOUSES
- ALTERATIONS
- MAINTENANCE
- BATHROOMS
- WATERPROOFING
- PAINTING
- TILING
- CEILINGS
- ADDITIONS

ADRIAAN SMIT : 083 457 4301
adriaansmit47@gmail.com

# **Deputate Bybel** van die GKSA

Liewe broers en susters

Die GKSA het 'n baie lang verbintenis met die Bybelgenootskap van SA (BSA). Die Bybelgenootskap is ons vennoot in die voorbereiding van Bybels in al ons landstale, die produksie daarvan en ook die verspreiding van Bybels en Bybelse lektuur. Hierdie vennootskap is vir ons kosbaar.

Om verskeie redes het daar oor die laaste jare allerlei veranderinge in die Bybelgenootskap se interne organisasie plaasgevind. Omdat ons verbind is tot hegte samewerking, pas ons ook aan by die veranderde omstandighede, en bring die volgende sake onder die kerke se aandag:

**Skakeldeputaat/Ambassadeur**

Skakeling met die GKSA en die BSA het vir 'n lang tyd plaasgevind via die skakeldeputaat wat deur die Sinode aangewys was om ons te verteenwoordig by die BSA. Vir die laaste 20 jaar reeds was ons verteenwoordiger br. Hennie Dekker. Hierdie was altyd 'n voltydse pos wat deur die BSA befonds was.

Hy het na sy aftrede steeds op kontrakbasis by die Bybelgenootskap aangebly. Die BSA het by vele geleenthede hulle dank uitgespreek vir die voortreflike werk wat br. Dekker daar gedoen het. Ons spreek ook ons hartlike dank teenoor br. Dekker uit.

Met die veranderinge by die BSA verander hierdie pos in die toekoms na 'n deeltydse pos (16 ure per week).Vir hierdie werk betaal die BSA 'n salaris. Die inkomste van die ambassadeur word verder aangevul deur kommissie (op 'n glyskaal) bereken op die kerklike bydraes aan die BSA vanuit die streek waarin hy gebaseer is (eie kerkverband, natuurlik). Van hierdie persoon word verwag om gemeentes te besoek en die saak van die BSA te bevorder en bydraes aan te moedig. Die persoon hoef nie 'n predikant te wees nie, maar sou verkieslik wees, en kon preek in gemeentes wat besoek word. Daar sou dus met gemeentes onderhandel kon word om 'n predikant deels beskikbaar te stel vir hierdie werk by die BSA. Die ouderdomsperk vir hierdie pos is 65. Die persoon moet verkieslik uit Gauteng kom.

Daar sal in hierdie tyd advertensies uitgaan om meer detail te gee oor die pos, en waar CV's ingehandig kan word.

**Verteenwoordigers**

Die BSA skep ook onbetaalde poste vir verteenwoordigers in die verskillende streke van die land. Só 'n persoon besoek ook gemeentes en bevorder die saak van die BSA. Die persoon moet 'n predikant wees en daar is nie 'n ouderdomsbeperking op die kandidate nie.Hy word vergoed met 'n honorarium vir die preek in 'n gemeente en reiskoste word ook vergoed. Dit word in die persoon se eie tyd gedoen. Advertensies in hierdie verband sal DV binnekort uitgaan met al die nodige besonderhede.


**Streekverteenwoordigers**

Die Bybelgenootskap het vyf streke, te wete Kempton Park, Gqeberha (Port Elizabeth), Durban, Bellville en Bloemfontein. Die nuutste sinode het 'n besluit geneem dat die klassisse die naaste aan hierdie sentra verteenwoordigers aanwys (een predikant, een nie-predikant) om die BSA se streekvergaderings by hierdie kantore by te woon. Dié vergaderings vind gewoonlik een keer per jaar plaas.'n Skrywe hieroor sal ook uitgestuur word aan die korresponderende kerkrade van die onderskeie klassisse (Klassis Sentraal-Oosrand, Kwazulu-Natal Suid, Suid-Vrystaat, Boland en Karoo-Kei.). Hierdie verteenwoordigers skakel met die aangewese Ambassadeur van die GKSA en terugvoer aan die kerkverband kom via die Ambassadeur.

U broers in Christus

Ds. MA Modise (voorsitter) Ds. LP van Jaarsveld (Skriba)


Maths and Science Tutors
MATH CLUB
Need help?
573 Dwyka str Erasmuskloof
francois.mathclub@gmail.com
081 069 8320
Private, Group or Skype
English or Afrikaans Gr1 - 12


Wiskundeklasse
Maths Classes
Online / Aanlyn
In the comfort of your own home
In die gemak van jou eie huis
Or/of
Face to Face
GR 10 -12
First lesson free/Eerste les gratis
35 Jaar ervaring in wiskunde onderrig.
35 Years' mathematics teaching experience.
Minnie Möller
082 907 6300


Wil jou kind graag sy/haar wiskunde punt verbeter?
GR 8 TOT 12
Kontak Des Boshoff
065 880 2324
Gekwalifiseerde wiskunde onderwyseres (30+ Jr ervaring)
10 jaar departementshoof (Wisk)
desboshoff@gmail.com

# CROSSROADS PRISON MINISTRIES (CPM)

Hiermee wil ons graag terugvoer gee na aanleiding van ons skrywe aan u uitgedeel by die afgelope Streeksinode in Pretoria, November 2022.
Enkeles het hierop reageer. Opreg baie dankie daarvoor - ons dank die Here: sy troue sorg verseker blywende voortgang.

Na aanleiding van sekere vrae en opmerkings graag die volgende:

–Die CPM program word in GKSA gemeentes aanvaar as 'n program vir gevangenes in hulle omgewing, 'n sending-aksie waar lidmate aktief saamwerk om die Woord van God te versprei deur die uitruil van Bybellesse. 'n Groep gemeentes vorm saam 'n Sateliet Kampus en reël die alledaagse sake van so 'n bedieningsprogram.

–CSDA (Crossroads Skills Development Academy) is die organisasie wat alles agter die skerms reël: die span verskaf opleiding aan mentors, besoek gemeentes en hanteer kommunikasie met die Departement van Gevangenisse. Die hoofkantoor in Amerika borg alle lesse, handleidings, ensomeer. Aangeheg 'n afskrif van `n onlangse maandelikse nuusbrief.

Hiermee `n dringende versoek:
→Dink aan ons in u gebede.
→Indien u gemeente na 'n sending projek / program soek waar gemeentelede aktief betrokke is met Sending en/of Evangelisasie vanuit eie woonplek, is hierdie `n ideale geleentheid, ook omdat elkeen hierin betrokke, self verryk word met kosbare kennis en `n groeiende vertroue in ons Here en Verlosser.
→Sou dit vir u as gemeente moontlik wees om `n halfjaarlikse kollekte te oorweeg om CPM finansiël te kan bystaan?

Weer eens dankie vir u aandag en ondersteuning aan hierdie saak. Indien u meer spesifieke toeligting verlang, skakel ons gerus vir `n kort besoek aan u gemeente – ons doen dit graag!

Groete in ons Here.

Eddie Boersema
(CPM – CSDA-span)

CROSSROADS

Eddie Boersema
Director
Crossroads South Africa
+27 82 929 0064
www.cpministries-sa.org.za